

# SARS BESORG OOR BELASTINGONTDUIKING-AANTYGINGES BY ONDERSOEKKOMMISSIE

**Pretoria, Donderdag 24 Januarie 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van mediaberigte oor beweerde belastingontduiking wat gedurende die verskeie kommissies van ondersoek, wat tans aan die gang is, geopper word.

SARS is besorg oor die name van sommige voormalige werknemers wat genoem is in beweerde oortredings en wil die Suid-Afrikaanse belastingpligtiges en publiek verseker dat dit ondersoek sal word sonder aansien des persoons en skuldige persone vervolg sal word.

SARS wil verder belastingpligtiges en die publiek verseker dat streng maatreëls toegepas sal word om die regsreël te handhaaf in gevalle waar belastingreëls en -wette oortree of ondermyn is.

SARS wil ook graag benadruk dat die onlangse heringestelde Onwettige Ekonomie-eenheid reeds hard aan die werk is en dat hulle ontwikkelinge fyn dophou en die nodige stappe sal neem, waar van toepassing, om nakoming van belastingwette te verseker.

SARS wil ook aandag vestig op die Vrywillige Blootleggingsprogram wat steeds in volle gang is, en nie-nakomende belastingpligtiges en lede van die publiek word aangemoedig om van hierdie fasiliteit gebruik te maak, waar van toepassing.